

AAN: ALLE VOORSITTERS VAN KERKRADE / SAAKGELASTIGDES / ALLE PREDIKANTE

Goeiedag

RE: SINODESITTING 2018

Hiermee word u amptelik in kennis gestel dat die Sinodale Dienskommissie (SDK) goedgekeur het dat die twee-en-twintigste gewone vergadering van die NG Kerk van Suid-Transvaal (NG Sinode Hoëveld) DV gehou sal word vanaf Maandag 15 Oktober 2018 tot Vrydag 19 Oktober 2018.

Die steunspan begin met die voorbereidingsdag op 15 Oktober 2018 met die amptelike opening van die sinode op 16 Oktober 2018.

Verdere reëlins sal later volg.

Groete in Christus.

Prof. AS (Bertus) Koorts
Scriba Synodi



Verkiesing en aanwysing van Bestuurskomitee-Lede van die Amptenare Pensioenfonds (APF)

Die verkiesingsproses vir beide die werknemers- en werkgewers-verteenwoordigers op die APF is afgehandel. Die volgende persone in ons sinodale streek is verkies tot lede van die bestuurskomitee en dien vanaf 1 November 2017 tot einde Oktober 2021:

Mnr Hennie Espag, as werknemer-verteenwoordiger; en
Mnr Johan Potgieter, as werkgewer-verteenwoordiger.

Hartlik geluk met u verkiesing en aanwysing!



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
AMPTENARE PENSIOENFONDS

'n Deelnemende Fonds in die Sanlam Sambreelfonds


Saterdag, 18 Nov. 2017 om 09:30

Jak de Priester sing ten bate van Transvalia-Skool
vir leerders met Epilepsie en Leergestremdheid.

R120 pp / R100* pp

NG Kerk Lynnwood,
Sussexlaan, Lynnwood

Bespreek by Suné Coetzee (012 800 1071)
of Marietjie Landman (083 294 8246)



WILLIE BOTHA

DATUM & TYD:
SONDAG OGGEND
19 NOVEMBER 2017
OM 9:00

PLEK:
NG KERK
BOKSBURG WES

CD'S, DVD'S & BOEKE BESKIKBAAR
MOET DIT NIE MISLOOP NIE

TOEGANG IS GRATIS.

NG KERKGROEP: UITNODIGING NA JAAREINDE INLIGTING- SESSIE

Geagte Bestmed-lid

Bestmed Mediese Skema nooi u graag uit om die onderstaande jaareinde-inligtingsessies, insake die ledegeld- en voordeelwysigings vir 2018, by te woon.

U sal volledige inligting oor die opsies, ledegeldverhogings en ander voordeelwysigings – vroeg in November – per pos ontvang.

Besonderhede aangaande die jaareinde-inligtingsessies is soos volg:

AREA	Kempton Park
DATUM	1 Desember 2017
PLEK	NG Sinode Hoëveld - Gladiatorsstraat 56, Rhodesfield, Kempton Park
TYD	10:00 – 12:00

Indien u enige navrae het in verband met die jaareinde-inligtingsessie kan u my, Veronica Stuurman direk kontak per epos by: veronicas@bestmed.co.za

Vriendelike groete
Veronica Stuurman Groep Adviseur



VBO PUNTE WORD TOEGEKEN

Dr. Richard Blackaby

BESOEK SUID-AFRIKA
9-21 NOVEMBER 2017



Meer Inligting: MAAK 'N VERSKIL IN MOEILIKE TYE

Nuwe Generasie Leiers

Plek: NG Kerk Kempton-Kruin
Adres: Fiskaal Straat 30, Glen Marais,
Kemptonpark

TYD: MAANDAG, 20 NOV, 08:30 - 12:30

KOSTE: R100.00 PP.

(LIGTE ETE, VERVERSINGS EN

2 SESESIES INGESLUIT MET Q&A)

SPIRITUAL LEADERSHIP

Wie mag dit bywoon?
Almal in Korporatiewe en Geestelike Leierskap
posisies, asook opkomende leiers.

NAVRAE - DS. MICHELLE VAN TONDER, 083 649 8301, KINDERS@KRUIN-KERK.CO.ZA

DR. DANIE MALAN, 082 784 9338, DANIE@KRUIN-KERK.CO.ZA

KEMPTON-KRUIIN KERKKANTOOR, 011 391 1343, ADMIN@KRUIN-KERK.CO.ZA

WWW.HEARTCRYSA.COM

HeartCry
Lieson Kerkhof & Associates
P.O. Box 1000
011 391 1343

Blackaby
MINISTRIES INTERNATIONAL

Zama-Zama Hope 4 U Foundation



Die hemel is waar God groot is en ons klein;
die aarde is waar ons groot is en God klein
— Christof Bloemhart



Nie-winsgewende organisasie (NWO 141-585)



Alfa Pastorale Opleiding, Berading en Gemeenskap Sentrum (Gestig 1987)

Bied vir die vierde jaar 'n unieke jaar kursus in pastorale opleiding, berading en gemeenskapsdiens aan!

Leef jou roeping, word prakties bemagtig as 'n agent van verandering en doen jou eie of die netwerk ding!!!

Teikengroep: Predikante, maatskaplike werkers, studente en enige belangstellende volwassenes

Kursusinhoud:

- Module 1: Teologiese begronding
- Module 2: Pastorale onderbou
- Module 3: Etiese, kontekstuele en Afrika diskoeuse
- Module 4: Ontwikkelingsmylpale in jou eie menswees
- Module 5: Ontwikkeling van jou eie spesialisvelde

Status van die kursus: Sertifikaat, geakkrediteer deur Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria. (120 VBO punte)

Vir meer inligting, kontak die kursusleiers of besoek ons webwerf: alfapastoralepraktyk.com en zamamahope4u.com

Kursusleiers:

Dr Jan Botha Tel 012 5463545, Sel no: 0764815683 en e-pos adres: alfa@help4you.co.za

Dr Retha Kruidenier Tel 012 3291352, Sel no: 0824138462 en e-pos adres: retha@geo-logic.co

Die kursus is bekendgestel oor RSG, Pretoria FM, Radio Kansel in die Kerkbode en LIG, asook deur 'n artikel in die Kerkbode deur die redakteur, Neels Jackson



KAN JY VISVANG?

Ons daag jou uit, om ons te kom wys hoe vang jy vis..

Familie Gemeente NGK Boksburg Wes

Waar wys jy ons: Vaal Vakansie Oord (Villiers Langs die staalbrug.)

Wanneer? 2 Desember 2017

Hoelaat? 07h00 tot 15h00

Koste: R100 pp Kompetisie & R50 pp Hek Toegang

Pryse:
Grootste Karp - R2000.00
Grootste Baber - R2000.00
Swaarste Sak - R1000.00

Kaartjies by die hek beskikbaar & klub reels geld

Laat weet asb. vroegtijdig hoeveel hengelaars is in jou groep.

Besprekings of verdere inligting:

Dirk Strydom: 073 458 9621
dirkstrydom13@gmail.com



Jaarboek van die NG Kerke 2018 bestaan uit inligting oor die Algemene Sinode, streeksinodes, ringe, gemeentes en predikante van die meeste kerke in die NG Kerkfamilie.

Hierdie jaarboek verskaf al langer as 160 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate.

Die GOEIE NUUS is dat ons die prys vanjaar verminder het weens die ontstuimige ekonomiese toestande. Bybel-Media, uitgewer van die *Jaarboek van die NG Kerke 2018*, wil ook met hierdie publikasie gestalte gee aan sy leuse: *Vennoot in geloof en bediening*.

Om u bestelling te plaas, voltooi die aangehegte bestelvorm en stuur dit direk aan Bybel-Media.



Senior Dienskommissie Funksie

aangebied deur Tutela



Die seniordienskommissie van Tutela beplan 'n funksie vir al die seniors van die gemeentes in die Hoëveld Sinode vir 14 Februarie 2018.

Daar gaan heerlike kos en vermaak wees. Die broer en susterpaar, Karen en Rudolf, gaan vir die vermaak sorg. Karen gaan die mooiste ou liefdesliedjies sing en Rudolf gaan ons vermaak met sy klavierspel. Dit belooft om 'n heerlike oggend te wees. Ons gaan 10:00 begin en sal so teen 13:00 klaar wees.

Die koste is R100 per persoon wat 'n ete insluit.

Die venue sal iewers in Kemptonpark wees. Ons sal in Januarie 2018 meer besonderhede deurgee. Ons wil julle net solank iets gee om na uit te sien.

Aletta Bosman (011 975 8220)



ng kerk
weltevreden
lewe vir die stad

VERSEBYKERSE

CAROLS BY CANDLELIGHT

**VRYDAG
17 NOV
2017** | **HEKKE OPEN
17:00
KERSANG
19:00**

NG WELTEVREDEN, 1140 Corneliusstraat, Weltevredenpark

TOEGANG: Skryfbehoeftes* of nie-bederfbare kos vir "The Gateway School" (Special Educational Needs)
*Uitdraaikruis; Gekleurde papier/karton; Bostik gom; Klein stompunt skêr; Glitter

Bring jou eie picknikmandjie saam of kom koop iets by die kosstalletjies. Kerse en verse sal te koop wees.

KONTAK: René op 083 629 7276 of renekruger01@gmail.com



Geskenke van God

Sondag - 19 November

08:00 & 10:00
Kersangdiens met die Ensemble

17:30
Kontemporêre Kersprogram met die band

ng kerk
weltevreden
lewe vir die stad

7



**Spesiale Kersprogram met
Jannie du Toit**

Sondag 3 Desember
17:30
NG Weltevreden
Corneliusstraat 1140, Weltevredenpark

Toegang is gratis, almal is welkom!

NG KERK BRAKPAN-OOS KERSMARK

Wanneer: 1 Desember 2017
Waar: NG KERK BRAKPAN-OOS
(H.v. Lapping en Boundary weg, Brakpan)

- | | |
|------------------|-------------------------|
| • Pannekoek | • Koektafel |
| • Boereworsrolle | • Vlooiemarkstalletjies |
| • Kerrie-en-Rys | • Tombola |
| • Jaffels | • Tuisgebak |
| • Poeding | • Hamburgers |

TYD van Kersmark: 16:00 tot 20:00

Sanger: ** Louis Bravo ** Tree op


*** Belaardes kom gerus want hier sal gesondheids-
personeel wees van 14:00 tot 17:00 om jul bloeddruk en
suikertoetse GRATIS te neem.

OOK GRATIS "EYE SCREENING" vir almal.

"Karre- verskeie soorte" word op die eiland voor die kerk
uitgestal!

Baie vlooiemarkstalletjies stal uit.....

TOEGANG GRATIS!!!



NG Moedergemeente Nigel

Datum: 24 November 2017

Tyd: 18h30 vir 19h00 R40

Ete: 17h00 tot 18h30 R80

Skakel die Kerkkantoor vir kaartjies by 011 814 3560

BIDDAG VIR BOERE IN NOOD

**MEER AS OORWINNAARS
ROMEINE 8:37**

MANNE ONTBYT

18 November 2017 om 08h30

NG KERK CHARL CILLIERS

R 50 p/persoon

Ligte Ontbyt

Boere van Vryburg en Bultfontein wat kom getuig wat die Here vir
hulle beteken op hulle plase.

Sluitingsdatum vir kaartjieverkope: 10 November 2017

Kaartjies is beskikbaar by kerkkantoor.

Kontakbesonderhede:

Kerkkantoor 017 6400 239

Anelda Maritz 082 66 90 333

Dr. Bennie Marais 076 913 4861

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

NUUTSTE KERKBODE

Kerkbode van 17 November vertel verskeie verhale oor eenheid. Uit Sinode Goudland kom die verhaal van 24 swart gemeentes wat hulle by die NG Kerk aangesluit het.

Uit die Wes-Kaap is daar die verhaal van die Wesland Verenigende Ring wie se paadjie na eenheid soms stamperig verloop het, maar vir wie die Tussenorde die pad nou baie gelyker maak.

In die middestad van Pretoria het die gemeente van die NG Kerk en dié van die Verenigende Gereformeerde Kerk by 'n erediens hulself ook verbind tot eenheid.

Lees ook oor 'n erediens op Hervormingsdag waar Protestante en Katolieke saam die historiese gebeure van 'n halwe millennium gelede in herinnering geroep het.

Van die ander leesstof in dié Kerkbode handel oor twee gemeentes wat die grens na Swaziland (en in die proses ook ander grense) oorgesteek het; oor gelowiges wie se omgeedade 'n skaapboer uit die Karoo se ramp omgekeer het; oor lofdansers van Nelspruit wat hoop losdans; en oor 'n bobaas-storieverteller – in gebaretaal.



JONGSTE JEUGFOKUS-PRODUK

Huisgeloof-reeks: Ons huis oefen

Met Huisgeloof 1 Ons huis oefen wil ons ouers bemagtig om saam met hulle kinders verskillende maniere te ontdek om in hulle geloof te groei.

Die praktiese wenke in hierdie boek help gesinne om hierdie nege geloofsgewoontes in te oefen en deel van hulle alledaagse lewe te maak, om God se teenwoordigheid in hulle daaglikse lewe raak te sien en dit met mekaar te deel.

Deur die sportmetafore ontdek families dat geloof nie net deur kennis gevorm word nie. Ons sien dat goeie verhoudings met mekaar, om ons geloof prakties uit te leef en geloofsbelewensisse te ervaar alles saam 'n eenheid vorm om ons geloof te versterk.

Prys: R65-00 (BTW en posgeld ingesluit).

LiG SE FEESUITGAWE



Lees in die Feesuitgawe van LiG ...

Ons vier fees in LiG se Desember/Januarie-uitgawe! 'n Spesiale uitgawe propvol stories en wenke wat jou sal verryk en inspireer.

Ons vier die vrede wat Christus bring. LiG vier 80 jaar van genade, seën en gesinwees. En ons vier Kersfees in dankbaarheid dat ons ons geloof mag uiteleef. Lindie Strydom, Liesel Krause-Wiid en Rouchelle Liedemann vertel juis hoe hulle geloof 'n elkedagse werklikheid is.

'n Gesin van Knysna deel die lesse wat hulle geleer het ná hul huis afgebrand het. Ons Kerstafelgaste onthou die lang pad wat hulle met LiG gestap het, en ds Nelis Janse van Rensburg roep ons op om met verbeelding te leef.

Kry idees oor hoe jy Kersfees anderster kan vier – deur te gee. En leer by getroudes oor hul huweliksgeluk. Ons gee ook wenke hoe jy jou kind goeie maniere kan leer, en wat presies jou tiener nodig het.

Daar is praktiese kosmaakplanne, blokraaisels vir die vakansie en 'n besonderse hekelprojek vir dié wat hou van handwerk.

LiG – vir jou en jou mense!

KERKMUSIEK

Chris Lamprecht 90 jaar-huldiging-CD

'n Keur van gewyde en sekulêre koormusiek, instrumentale- en solowerke. CD 1 is gewyde werke en CD 2 is sekulêre werke.

Prys: R150,00 (BTW en posgeld ingesluit).





CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LECTUURFONDS

Bakens of roetemarkers is nodig tov elke bediening in die kerk. Tov die Brugbediening in die NG kerk is daar onlangs riglyne deur die Algemene Sinode goedgekeur wat rigting gee en helderheid bied oor hierdie dinamiese bedieningsprogram. In die pamflet: **Bakens vir die Brugbediening in die NG Kerk**, word hierdie riglyne bespreek en verdere gesigspunte uitgespel. Bestel dit by CLF by order@clf.co.za
021 873 6964



TOIBO



TOIBO tree hierdie Kerstyd in met 'n groot hart van waardering vir almal se bydrae tot hul werksaamhede.

Sien ook die wonderlike skenkings wat aan TOIBO gemaak is. Hulle praat ook van 'n oudleerder wat hulle breëbors gemaak het.

[Lees meer hier.](#)

MES



MES Johannesburg en MES Kempton Park het nuwe nuus om te deel.

Lees van elkeen se inspirerende stories en gebeurte [hier](#).

Bybelgenootskap



Die November uitgawe van E-Saaier:

Vier die advent met kort videosnitte wat gemaak is met relevante Skrifgedeeltes.

Weet jy nie wat om vir die kinders te koop hierdie feesseisoen nie? Wat van 'n Kinderbybel? Die Bybelgenootskap het 'n pragtige Kinderbybel, vol kleurvolle illustrasies en aksiebelaaiete verhale, beskikbaar.

[Lees meer hier.](#)

PASTORALE BERADERS

Ons kry navrae vir Pastorale Beraders.

Indien u wel 'n Pastorale Berader is, kan u asseblief vir my u kontakbesonderhede stuur. As u nie is nie, maar weet van iemand, stuur dan vir my die kontakbesonderhede en ek sal direk met hul kontak maak.

Ons wil graag 'n databasis skep om sodoende 'n addisionele diens te verskaf.

Stuur u besonderhede aan Natassja Marais [pa@ngkhoeveld.co.za].

[Klik hier](#) vir 'n lys van Pastorale Beraders.

DATUMLYS



'n Volledige datumlys, met die portefeuljeleiers se beplanning en belangrike sperdatums, is [hier](#) beskikbaar.

AFLOSPREDIKANTE

[Klik hier](#) vir 'n lys van aflospredikante.

VAKATURES



[Klik hier](#) vir Kerkbode se lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies.

Organisasie / Instansie	Vakante pos	Sluitingsdatum
Geen		

Vir meer inligting oor die bogenoemde vakatures, [klik hier](#).

GEBEURE

In 'n neutedop...

NOVEMBER

17 Verse by Kerse
NG Weltevreden

18 Jak de Priester optrede
NG Lynnwood

18 Manne Ontbyt - Meer as oorwin-
naars
NG Charl Cilliers

19 Optrede: Willie Botha
NG Boksburg-Wes

19 Geskenke van God
NG Weltevreden

20 Leierskapspraatjie deur Dr. Richard Blacka-
by - Maak 'n verskil in moeilike tye
NG Kempton-Kruin

24 Du Preez Stoltz
NG Nigel

DESEMBER

1 BestMed Jaareinde Inligtingsessie
NG Sinode Hoëveld

1 Jaarvergadering van die Emeriti-
forum
NG Sinode Hoëveld

2 Visvang Kompetisie
Boksburg-Wes

3 Spesiale Kersprogram met Jannie du
Toit
NG Weltevreden

Die 2018 Kerkkalender is hier beskikbaar.



Week van Gebed 2018

Die Week van Gebed vir 2018, met die tema *Gebed vir die wêreld op die voetspoor van die apostel Paulus* is nou beskikbaar by CLF! Dit kan ook [hier](#) afgelaai word.



**Ons is op soek na ENIGE interessante nuusbrokkies!
Ons wil ook baie graag inligting van ons leraars in die
nuusbriëf plaas.**

**Laat weet ons asseblief wanneer daar nuwe leraars by
jul gemeentes is, of bevestig word, emeriteer en selfs
na ander Sinodes verhuis. Enige nuus is welkom!**



BESOEK ONS OOK OP FACEBOOK

WWW.FACEBOOK.COM/SINODEHOEVELD



VRYWARING

Die inligting wat voorsien word en standpunte wat gehuldig word in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE, het geen verifiëring van bevindinge, gevolgtrekkings en opinies deur die NG Kerk van Suid-Transvaal [NG Sinode Hoëveld] nie. Dus weerspieël die inligting en standpunte wat in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE gehuldig word nie noodwendig die van die NG Sinode Hoëveld of sy personeel en lede nie. Menings, afleidings en ander inligting in hierdie boodskap wat nie verband hou met die amptelike werksaamhede van die NG Sinode Hoëveld nie, verteenwoordig nie die amptelike standpunt(e) van die NG Sinode Hoëveld nie.

NUUS VANAF HOËVELD SINODE plaas slegs nuus en inligting vanaf die sinodale, rings- of gemeentelike verband.

Die NG Sinode Hoëveld aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige benadeling en/of skade aan persone of eiendom as gevolg van produk-aanspreeklikheid, oortreding van die Outeursreg Wet 98 van 1978 soos gewysig, waninligting verskaf, nalatigheid of die gebruik van enige metodes, produkte, instruksies of idees wat vervat is in die materiaal soos opgeneem in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE nie. Die inligting en advies is beskikbaar gestel in goeder trou en is afgelei van die inligting verskaf deur die betrokke organisasie/persoon en word voorgehou as betroubaar en akkuraat ten tye van die bekendstelling daarvan. Dit is die verantwoordelikheid van die gebruiker om sy of haar eie besluite te neem oor die akkuraatheid, geldigheid, betroubaarheid en korrektheid van die inligting. Dit beteken dat die instansie en/of die betrokke persoon wat die plasing in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE versoek, dan volle verantwoordelikheid vir die gebeure of inligting aanvaar.

Vir enige navrae in verband met hierdie Nuusbriëf skakel gerus me N Marais by 011- 975 8220.